



Nouveau Kollege & Pikanini Kampus

Posbus 553, Vredendal, 8160

Tel: 063 520 0028

Webwerf: www.nkollege.co.za

E-pos: info@nkollege.co.za

Liewe Ouer

4 Augustus 2022

KLAWER KUNSTE

Die Klawer Kunste het verlede Vrydag, 29 Julie 2022 plaasgevind te Laerskool Klawer.

Elke leerder het hom/haar uitstekend van hul taak gekwyd en spog ons as Nouveau familie met die volgende uitslae:

VOORDRAG EN POETRY

Brons en Silwer x 14

Goud x 29

Dubbelgoud x 15

Brons en Silwer

Goud



Dubbel Goud



SANG

Silwer x 5

Goud x 9

Silwer



Goud

SANG EN MUSIEK

Dubbelgoud



KUNS

Silwer en Brons x 9

Goud x 16

Dubbelgoud x 9

Silwer en Brons



Goud



Dubbelgoud



LIGA WEDSTRYDE

Die onderstaande spanne neem vandag deel aan Liga wedstryde teen Uitkyk Primêr. Ons weet sommer julle gaan elkeen net julle beste lewer.

Rugby: O/9, O/11 en O/13

Nebal: O/7, O/8, O/9, O/10 en O/13

O/11 Netbal het onttrek, aangesien te veel van hul spelers afwesig is.



ONDERSTEUNER KEPPE

Die keppies is te koop by die kantoor teen R50.00 elk. Hierdie keppe mag slegs gedra word vir die doel van sport. Leerders sal nie toegelaat word om dit tydens skool te dra nie, aangesien dit nie deel van die skooluniform is nie.

TNJ VAN DER WALT

Ongelukkig is hierdie dag afgestel, as gevolg van 'n gebrek aan belangstelling van ander skole.



NOUVEAU KOLLEGE SPORTDAG

Saterdag, 27 Augustus 2022, vind ons jaarlikse Sportdag plaas.



Ons weet dat al die leerders in die skool vanaf Pikanini Kampus tot Nouveau Kollege nie die dag vir 'n span speel nie, maar tog wil ons graag al die ouers en leerders die dag hier hê. Die Sportdag is een van ons grootste fondsinsamelingsprojekte vir die jaar en het ons al die ouers se hulp nodig by die Sportdag. Ons het in die verlede ongeveer 3 000 mense gehad by ons Sportdag, so dit is 'n baie groot dag vir ons. U betrokkenheid sal hoogs waardeer word. Indien daar enigiemand is wat enige donasie of borg wil maak sal ons dit hoog op prys stel indien u ons kan kontak.

SKOOLFOTO'S

Die individuele, sport en klasfoto's sal geneem word op die 29ste en 30ste Augustus. Bestelvorms is vandag aan leerders uitgedeel. ALLE bestellings met **die korrekte geld** bedrae moet terug wees by die skool op die 20ste Augustus 2022. GEEN bestellings sal na die 20ste meer geneem word nie. Kinders kom skool toe in skoolklere. Maak seker dat almal se hare netjies is.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan Tannie Julita wat gister verjaar het. Ons hoop jy het 'n ongelooflike lekker dag vol liefde en bederf gehad



CONQUESTA

Op 10, 11, 12 en 15 Augustus sal ons leerders Conquesta Vraestelle skryf. Dit is nie werk waarvoor daar geleer hoef te word nie.

MISS PIGGY

Dit is met opgewondenheid dat ons almal wil uitnoui na ons 2de Miss Piggy. Hierdie is 'n verskiklike lekker dag. Verlede jaar was 'n enorme sukses en almal het dit baie geniet. Hier is nou julle kans om julle spanne so gou moontlik in te skryf.

Pryse: Early bird = 28 Julie tot 31 Aug.

Volwassene: R250

Kinders: R100

1 September tot 15 Oktober

Volwassene: R300

Kinders: R150



Toeskouers is gratis. Daar sal heerlike stalletjies met 'n groot verskeidenheid van eetgoed wees.

**OUERS WAT AS BEAMPTES WIL OPTREE MOET ASSEBLIEF VIR
ARINA SOUTHEY SKAKEL BY: 073 297 2053**

Link vir inskrywing:

<https://docs.google.com/forms/d/1SU2h4o6exvI5HUPX-gqeH5446SSIUvoks3X7r9-YU9E/edit>

MOOI MAAK PROJEEK

Ons wil graag die skool se gronde bietjie verfraai met plante.

Daar gaan `n bedding agter die tennismuur gebou word waarin ons `n verskeidenheid vetplante wil plant. Die deel vanaf die voorhek tot by Pikanini Kampus wil ons ook mooi maak om die draad bietjie te verbloem.

Ons moet redelik geharde plante en struik wat “volson” kan hanteer aanplant.

Graag wil ons `n beroep op alle ouers doen om ons hand met hierdie projek te neem deur steggies, plantjies of donasies aan die skool te stuur.

Voorbeelde van plante: enige vetplante, Roosmaryn, Lavender, Fortnight lilly, Sterlitzias, “Skoonma se tong”, Cineraria, Foxtail agave, “Armmans lavender”, Alwyne, Wilde knoffel, Vygies, Hen-en-kuikens.

Indien u enige plante of steggies kan gee, stuur dit asseblief voor 1 September skooltoe. Byvoorbaat dankie.

Baie baie dankie aan alle ouers wat reeds gestuur het. Ons bedding is in aanbou.

BOODSKAP VANAF DIE SKOOLHOOF

Baie dankie aan alle ouers wat reeds hul name opgegee het om tydens ons Sportdag en Miss Piggy behulpsaam te wees en ‘n skof te werk.

Ongelukkig is daar nog baie skofte wat oop is, en wil ek graag ‘n beroep doen om ons jonger mamas en pappas om deel te word van ons fondsinsamelings projekte. Dit is ‘n lekker plek om vinnig nuwe mense te ontmoet en deel te word van die Nouveau familie. Ek weet ek sal op ons grondslagfase ma’s en pa’s kan staatmaak, aangesien julle die toekoms van die skool is.

Mag u ‘n heerlike naweek hê.

Vriendelike groete

Cobus Coetzee

SKOOLHOOF